higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 2

(3011022)

20 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Volgens die wet van aanbod ... die hoeveelheid aangebied sodra die prys van 'n produk styg.

A verlaag
B verhoog
C verdubbel
D stop

1.1.2 Watter sektor van die ekonomie bestaan uit ondernemings wat geregistreer is en belasting betaal?

A Formele sektor
B Informele sektor
C Primêre sektor
D Sekondêre sektor

1.1.3 Watter een van die volgende word deur lae ekonomiese bedrywigheid gekenmerk?

A Kultuur
B Inflasie
C 'n Trog
D Stabilisering

1.1.4 Die verbetering van goedere en dienste word deur die teenwoordigheid van ... beïnvloed.

A geboue
B ervaring
C jeug
D tegnologie

1.1.5 Die manier waarop 'n land se geldeenheid in terme van 'n ander land se geldeenheid uitgedruk word:

.

A Internasionale handel
B Dollar
C Wisselkoers
D Ruilhandel

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Armoede, swak opvoeding en gesondheid word deur ... geskep.

A werkloosheid
B droogtes
C globalisering
D MIV/vigs

1.1.7 Watter EEN van die volgende het op die mikro-ekonomie betrekking?

A Om 'n motor by Budget Rental te huur
B 'n Verandering in inflasie
C 'n Verhoogde werkloosheidskoers
D Armoede

1.1.8 ... word geskep wanneer goedere geberg word totdat dit benodig word.

A Besitwaarde
B Vormwaarde
C Tydwaarde
D Plekwaarde

1.1.9 Die vernaamste oogmerk van produksie is om ...

A ekonomiese uitsette te bevredig.
B werksgeleenthede te ontwikkel.
C in mense se behoeftes en begeertes te voorsien.
D die BBP te ontwikkel.

1.1.10 ... boekstaaf die land se betrokkenheid by internasionale handel.

A Die kredietrekening
B Uitgestelde betalings
C Geboekstaafde transaksies
D Die lopende rekening

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Handelsblok	A	mense se gewoontes, oortuigings en lewenstyl
1.2.2	Infrastruktuur	B	'n situasie waarin dit ondernemings vrystaan om goedere in en uit te voer
1.2.3	Tradisionele ekonomiese stelsel	C	die uitstryking van die skommelings in die ekonomiese bedrywigheid
1.2.4	Stabiliseringsbeleid	D	'n onderneming wat in 'n internasionale mark bedryf word
1.2.5	Vrye handel	E	'n groep lande wat deur handelsooreenkomste verenig word
1.2.6	Tersiêre sektor	F	'n algemene prysstyging
1.2.7	Kultuur	G	die oplossing van ekonomiese vrae met behulp van tradisie
1.2.8	Inkrimpingsfase	H	die basiese strukture wat 'n samelewing benodig om te produseer en te verbruik
1.2.9	Rentekoers	I	word deur 'n afname in die ekonomiese bedrywigheid gekenmerk
1.2.10	Globalisering	J	die bepaling van die bedrag geld wat vir krediet betaal moet word
		K	supermark

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 2

2.1 Bepaal of die volgende stellings voorbeelde van fisiese, maatskaplike of ekonomiese omgewings is. Skryf slegs 'Fisiese omgewing', Maatskaplike omgewing' of 'Ekonomiese omgewing' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Werklose mense beskik oor lae koopkrag.

2.1.2 Aardverwarming beïnvloed die landbousektor.

2.1.3 Groot gebeurtenisse soos wêreldbekerwedstryde hou 'n groot ekonomiese voordeel vir 'n land in.

2.1.4 Groot natuurrampe het ernstige uitwerkings op ekonomiese bedrywighede.

2.1.5 Ondernemings en verbruikers reageer verskillend op inflasie.

(5 × 1) (5)

2.2 Beantwoord die volgende vrae aan die hand van die ondernemings se ekonomiese omgewing:

2.2.1 Noem DRIE ekonomiese gebeurtenisse wat 'n onderneming kan beïnvloed. (3)

2.2.2 Wat sal die banke se reaksie wees as die Suid-Afrikaanse Reserwebank die repokoers verlaag? (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die volgende uittreksel aandagtig en beantwoord die vrae:

> Inflasie in Suid-Afrika het van 4,7% in Desember tot 4,4% verlangsaam, sê Statistiek Suid-Afrika Woensdag in 'n verslag op sy webtuiste.

3.1.1 Verduidelik die term *inflasie*. (2)

3.1.2 Verduidelik kortliks in VYF punte waarom vraag–trek-inflasie voorkom. (5 × 2) (10)

3.1.3 Gee en verduidelik DRIE ekonomiese faktore wat die inflasiekoers verhoog. (3 × 2) (6)

3.1.4 Wanneer kom koste–stoot-inflasie voor? (2)

3.2 Gestel dat die rand–dollar-wisselkoers $1 = R12 is.

3.2.1 Hoeveel sal dit in Suid-Afrikaanse rand kos om 'n trourok van $250 te koop? (2)

3.2.2 As die wisselkoers met 10% appresieer, wat sal die nuwe wisselkoers wees? (4)

3.2.3 Hoeveel sal 'n Suid-Afrikaanse burger teen die nuwe wisselkoers betaal vir die trourok wat $250 kos? (2)

3.2.4 Watter uitwerking het die nuwe wisselkoers op die Suid-Afrikaanse ekonomie? (2)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.google.co.za/url*]

4.1 Identifiseer TWEE natuurrampe uit die foto hier bo. (2)

4.2 Gee en beskryf die hoofoorsake van natuurrampe. (3 × 2) (6)

4.3 Noem DRIE elemente van die fiskale beleid wat die regering in reaksie op 'n natuurramp kan aanwend. (3)

4.4 Verbruikersgoedere kan deur natuurrampe geraak word.

Verduidelik kortliks die DRIE kategorieë van verbruikersgoedere. (3 × 2) (6)

4.5 Bespreek kortliks hoe natuurrampe tot armoede kan aanleiding gee. (9)

4.6 Definieer die term *globalisering*. (2)

4.7 Watter uitwerking het goedkoop ingevoerde goedere op die vervaardigingsbedryf in Suid-Afrika? (2)

[30]

VRAAG 5

5.1 Uitvoere in Suid-Afrika bestaan merendeels uit platinum en ander minerale. Die prys van platinum staan op R980.

5.1.1 Hoeveel sal dit die Verenigde State kos om platinum by Suid-Afrika te koop as die rand–dollar-wisselkoers $1 = R13,50 is?

5.1.2 Hoeveel sal dit Europese lande, wat die euro as hul geldeenheid gebruik, kos om platinum by Suid-Afrika te koop as die wisselkoers €1 = R16,00 is?

(2 × 2) (4)


5.2 Suid-Afrika kan besluit om platinum te verskaf aan lande waarin hy van sy geld verseker is.

5.2.1 Beskryf die DRIE bepalende faktore van aanbod. (3 × 2) (6)

5.2.2 Noem VIER kenmerke van geld. (4)

5.2.3 Gee DRIE voordele van internasionale handel. (3 × 2) (6)

5.3 Bestudeer die konjunktuursiklus ('trade cycle') hier onder en beantwoord die vrae.



5.3.1 Benoem die letters (A–D) op bostaande konjunktuursiklusdiagram. (4)

5.3.2 Wat kenmerk die ekonomiese siklus wat A benoem is? (2)

5.3.3 Waarom sou huishoudings bekommerd wees as die ekonomie tot siklus C aanleiding gee? (2)

5.3.4 Wat kan die situasie in ekonomiese siklus C teweegbring? (2)
[30]

VRAAG 6

6.1 Noem VIER aansporings vir uitvoere in Suid-Afrika. (4)

6.2 Wat is die verskil tussen 'n *handelstekort* en 'n *handelsurplus*? (2 × 2) (4)

6.3 Verduidelik VIER kenmerke van arbeid. (4 × 2) (8)

6.4 Waarom is dit belangrik om kennis te neem van taal- en kultuurverskille wanneer 'n mark in die uitvoerbedryf gekies word? (6)

6.5 Verduidelik VIER negatiewe uitwerkings wat MIV/Vigs op die regering het. (8)
[30]

TOTAAL AFDELING B 120
GROOTTOTAAL 150

Kopiereg voorbehou